

## **DIE EFFEK VAN KAPITAALWINS SE VERHOOGDE INSLUITINGS**

**DEUR**

**DR PHILIP THEUNISSEN**

---

In sy begrotingsrede van 23 Februarie 2000 het die Minister van Finansies, mnr Trevor Manuel, die instelling van Kapitaalwinsbelasting (KWB) in Suid-Afrika aangekondig. Voor die implementering van KWB is belastingbetalers slegs belas op die inkomste wat uit die besit van -n bate verdien is en nie op die wins wat gemaak is met die afstanddoening van daardie bate nie. Die effek van KWB is dus dat alle kapitaalwinste en -verliese wat met verkoop, verruil, skenk of bemaak van bates gerealiseer word sedertdien aan KWB onderhewig is tensy dit deur spesifieke bepalings uitgesluit word. Bates van -n persoonlike aard is uitgesluit terwyl kommersiële bates, soos -n plaas, wel ingesluit is.

Kapitaalwins is die bedrag waarmee die opbrengs (verkoopwaarde) die basiskoste (aankoopwaarde) van daardie bate oorskry. Daar is -n hele aantal bepalings oor hoe om die basiskoste te bereken en ook watter gedeelte daarvan ingesluit moet word van bates wat vóór die inwerkingtrede van KWB in Oktober 2001 bekom is. Dit is egter nie die doel van hierdie artikel om al die berekeningsmetodes te bespreek nie. Slegs die moontlike effek van die verhogings van die insluitingskoerse word hier geïllustreer.

By die inwerkingtrede van KWB was die persentasie van die kapitale wins wat by normale belasting ingesluit moes word 25% vir natuurlike persone en 50% vir regspersone (trusts en maatskappye of beslote korporasies). Hierdie insluitingskoerse is in 2012 na onderskeidelik 33.3% en 66.6% verhoog maar in sy begrotingsrede van 2016, het Minister Pravin Gordhan die insluitings nou weer na 40% vir natuurlike persone en 80% vir regspersone verhoog. Die insluitingskoers beteken dat 40% van die kapitale wins by individue en 80% by regspersone in die jaar van afstanddoening van -n bate by hulle belasbare inkomste gevoeg moet word.

Uiteraard tref KWB mense met kommersiële bates erger as mense wat geen eiendomse besit of eiendomse besit waarvan die waarde laag is. Die waarde van plaaseiendomse is baie hoog en daarom is hierdie selektiewe belasting nogal redelik van toepassing op boere, ongeag die ondernemingsvorm waarin daar geboer word. Met goeie beplanning en die korrekte keuse van ondernemingsvorm kan hierdie belasting, met inagneming van die nuutste verhogings, egter beperk word sodat die effek daarvan nie katastrofiese gevolge tydens verkope of erfopvolging behoort te hê nie.

### **Bepaling van kapitaalwins**

Daar moet van twee aspekte kennis geneem word by KWB. Eerstens word -n kapitale wins slegs belas wanneer die relevante bate op welke wyse ookal van die hand gesit word. Al styg -n bate se waarde is daar nog nie KWB betaalbaar nie solank as die bate nie vervreem word nie. Tweedens word KWB nie soos byvoorbeeld boedelbelasting teen -n spesifieke koers belas nie. Die uiteindelijke belasbare wins word by die belastingbetaler se normale belasbare inkomste van daardie jaar getel en dan teen die toepaslike inkomstebelastingkoers belas. Omdat ondernemingsvorme teen verskillende koerse belas word, hang die uiteindelijke bedrag van die KWB dus af van die normale wins wat in daardie jaar

gerealiseer het en ook die koers waarteen hierdie wins, nadat die kapitale wins bygetel is, belas gaan word.

Die meeste plase word tans nog deur individue besit maar daar word toenemend meer van maatskappye/beslote korporasies en trusts as entiteite gebruik gemaak wat die grond besit. Elkeen van hierdie ondernemingsvorme word op 'n unieke manier belas. Afhangende van hul inkomste word individue op 'n glyskaal belas en is die koers gevolglik van 0% tot 41%. Maatskappye en beslote korporasies word teen 'n vaste koers van 28% belas terwyl trusts teen 'n vaste koers van 41% belas word. Daar is egter 'n spesiale toeweging vir maatskappye en beslote korporasies wat as 'n klein sakeonderneming (KSO) kwalifiseer. In sulke gevalle begin die koers ook by 0% en verhoog dan met intervalle na 7% en 21% waarna belasbare inkomste van meer as R550,000.00 dan ook teen 28% belas word. Daar is ook 'n spesiale toeweging in die geval van KSO's wanneer die eienaars ouer as 55 jaar oud is en die besigheid van die hand sit met die oog op hulle aftrede. Dan is daar 'n uitsluiting van R1.8 miljoen op die netto waarde van die entiteit vir kapitaalwins doeleindes.

### **Die effek**

Die effek van die onlangse verhoging in die insluitingskoerse van KWB word in die tabel aangetoon vir 'n plaas wat teen R5 miljoen verkry is en toe vir R7 miljoen van die hand gesit is. Die veronderstelling is dat daar nie ander belasbare inkomste was nie, bloot om die vergelykings te vergemaklik.

In die geval van 'n individu sou die belasbare kapitaalwins vóór die verhoging R656,010.00 beloop het terwyl dit nou R784,000.00 gaan beloop. Dit beteken gevolglik dat die uiteindelik belasting daarop nou R321,440.00 gaan beloop wat R65,596.00 hoër is as onder die vorige insluitingskoerse. In die geval van maatskappye en beslote korporasies gaan die nuwe insluitingskoerse tot 'n verhoging van R75,040.00 se belasting lei terwyl dit in die geval van trusts R109,880.00 se addisionele belasting tot gevolg gaan hê. In die geval van 'n KSO is die verhogende effek R74,946.00 terwyl dit R5,494.00 beloop waar die KSO se belang van die hand gesit word. Let wel dat hierdie bedrae net die verhogings is en nie die totale belasting nie.

### **Vermyn die effek**

Daar is drie maniere om die effek van kapitaalwinsbelasting teen te werk. Eerstens het die keuse van die ondernemingsvorm 'n invloed op die uiteindelikse belasting en tweedens het die keuse wat die plaas van hande gaan verwissel ook 'n bepalende invloed. Dertens het die boerderywinst van die jaar waarin die plaas vervreem word ook 'n rol te speel.

KWB is uiteraard nie die enigste oorweging by die keuse van 'n ondernemingsvorm nie. Daar is verskeie ander faktore wat hierdie besluit beïnvloed, soos die aantal huidige eienaars, die toekomstige eienaars, die belastingimplikasies en uiteindelik ook die boedelbelastingimplikasies. Bloot te oordeel op KWB is die scenario waar die lid se ledebelang met die oog op aftrede oorgedra kan word die gunstigste vir die verkoper terwyl trusts die hoogste KWB tot gevolg het, naamlik R32,800.00 teenoor R656,000.00. Dit beteken 'n effektiewe KWB koers van 1.6% teenoor 32.8%. Trusts kan egter steeds op die lang duur die beste keuse met betrekking tot KWB inhou as dit met deeglike besinning gepaard gaan.

Soos genoem, word KWB telkens gevorder wanneer die bate van eenaar verwissel. Wanneer die familieplaas in 'n trust gesit word, kan dit teoreties daartoe lei dat die plaas daarna nooit weer van eenaar gaan verwissel nie en is die KWB, hoewel hoog, dus 'n eenmalige betaling wat nie weer tydens oordrag na volgende geslagte betaalbaar gaan wees nie. In die geval van 'n trust kan die

geleibuisbeginsel ook nog gebruik word om die kapitaalwins in die hande van die begunstigdes teen 'n laer belastingkoers as dié van die trust te hef. Dit sou egter sinneloos wees om grond wat vir spekulasiedoeleindes aangekoop word in 'n trust aan te koop.

Die effek van KWB kan ook verlaag word deur die boerderywins tot 'n mate te manipuleer om nie so hoog te wees wanneer die plaas vervreem gaan word nie. Dit is egter nie altyd so maklik nie want gewoonlik word die vee en los bates ook in dieselfde finansiële jaar as die plaas van die hand gesit wat meermale tot 'n abnormale verhoging in boerderywins lei eerder as wat 'n verlies geskep kan word.

### **Toekomstige verhogings**

Die vier ōwelvaartbelastinge, naamlik KWB, Hereregte, Boedelbelasting en Skenkingsbelasting, het volgens SARS se *Tax Statistics: 2015* gesamentlik R20 miljard tot die totale staatsinkomste van R986 miljard in 2014/15 bygedra. Dit is 2.03% van die totaal. Hiervan was KWB die grootste bydraer naamlik R11.7 miljard (1.18%), dan hereregte met R6.7 miljard (0.68%), boedelbelasting met R1.5 miljard (0.15%) en skenkingsbelasting met R167 miljoen (0.02%).

Wat ingedagte gehou moet word is dat dit een van die basiese beginsels van 'n belasting is dat die effektiwiteit daarvan positief moet wees. Dit beteken dat dit nie meer moet kos om die belasting in te vorder as dit wat die belasting aan inkomste oplewer nie. Miskien met die uitsondering van KWB, wat ietwat van 'n klein melkkoei vir die staat geword het, is die ander drie belastinge se bydrae tot die staatskas so weglaatbaar klein dat daar werklik besin behoort te word of dit effektiewe belasting is. Daar word waarskynlik meer geld aan boedelbeplanninge spandeer as wat hierdie belasting uiteindelik as inkomste vir die staat oplewer.

Daar is aanduidings dat die insluitingskoers van regspersone mettertyd na 100% gaan verhoog. Dit is inderdaad slegte nuus maar die goeie nuus is dat die Davis Belastingkomitee se siening oor welvaartbelasting in die algemeen is dat dit, in watter vorm ookal, enorme druk op SARS sowel as die belastingbetalers se hulpbronne plaas en dat die uiteindelijke voordeel daarvan vir die staatskas nie verseker kan word nie. Dit raak net eenvoudig moeiliker om sulke belastinge te vorder terwyl die belastingbetaler net meer moeite doen om sulke belastinge te vermy. Gevolglik is regter Davis en sy komitee van mening dat daar nie baie ruimte is om die basis van welvaartbelastinge te verbreed nie. Behalwe vir die insluitingskoerse wat dalk nog verhoog kan word, is daar nie tans verdere skokke rondom KWB op die radarskerms nie.

*Nota: Omdat KWB uiteindelik baie bepaal word deur spesifieke omstandighede op 'n spesifieke tydstip, kan hierdie artikel slegs basiese riglyne verskaf en die basiese effek van die verhoogde insluitingskoerse uitwys. Die voorbeelde hier moet dus nie as finale aanbevelings beskou word nie.*

TABEL: EFFEK VAN VERHOOGDE INSLUITINGSKOERSE OP KAPITAALWINSBELASTING

	Individu		MPY/BK		TRUST		KSO		KSO belang by Aftrede	
	2016	2017	2016	2017	2016	2017	2016	2017	2016	2017
Verkryingskoste	R 5 000 000	R 5 000 000	R 5 000 000	R 5 000 000	R 5 000 000	R 5 000 000	R 5 000 000	R 5 000 000	R 5 000 000	R 5 000 000
Verkoopswaarde	R 7 000 000	R 7 000 000	R 7 000 000	R 7 000 000	R 7 000 000	R 7 000 000	R 7 000 000	R 7 000 000	R 7 000 000	R 7 000 000
Kapitale wins	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000
Primêre uitsluiting	R 30 000	R 40 000	R -	R -	R -	R -	R -	R -	R 1 800 000	R 1 800 000
Netto kapitale wins	R 1 970 000	R 1 960 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 2 000 000	R 200 000	R 200 000
Insluitingskoers	33.3%	40.0%	66.6%	80.0%	66.6%	80.0%	66.6%	80.0%	33.3%	40.0%
Belasbare kapitale wins	R 656 010	R 784 000	R 1 332 000	R 1 600 000	R 1 332 000	R 1 600 000	R 1 332 000	R 1 600 000	R 66 600	R 80 000
Belastingkoers	39.0%	41.0%	28.0%	28.0%	41.0%	41.0%	20.9%	22.1%	41.0%	41.0%
Betaalbare belasting	R 255 844	R 321 440	R 372 960	R 448 000	R 546 120	R 656 000	R 278 205	R 353 150	R 27 306	R 32 800
Effektiewe KWB koers	12.8%	16.1%	18.6%	22.4%	27.3%	32.8%	13.9%	17.7%	1.4%	1.6%
Verhoogde effek	-	R 65 596	-	R 75 040	-	R 109 880	-	R 74 946	-	R 5 494